



Is't ons ernst? Na 100 jaar

DIE RELEVANSIE VAN ONZE JAN SE STELLENBOSCH-LESING 6 MAART 1905 VIR VANDAG

In sy gepubliseerde doktrale proefskrif oor die geskiedenis van die taalvraagstuk in Suid-Afrika tussen 1902 en 1908 kom PL Zietsman tot die gevolgtrekking dat die geskiedenis teen die negentigerjare van die twintigste eeu 'n sirkelgang voltooi het. Ten spyte van belangrike ontwikkelinge sedert 1902 wat uit die aard van die saak ingrypende verskille tussen die twee tydperke geskep het, was die problematiek rakende die taalvraagstuk teen die jare negentig terug by die eenvoudige basiese vraag: Is daar 'n toekoms vir Afrikaans in Suid-Afrika? Die belangrikste verskille was veral geleë in die ander peil van die stand van Afrikaans teen die jare negentig, die radikaal ander rolspelers betrokke en die andersoortige magsverhoudinge in vergelyking met wat dit teen die begin van die twintigste eeu was. Dit is tans bykans 15 jaar later en die vraag hoe ver Suid-Afrika in die tyd met dié vraagstuk gevorder het, het al 'n indrukwekkende literatuur, maar geen finale uitsluitel of duidelike toekomsverwagting opgelewer nie. Wat wel sonder meer ooglopend is, is dat Stellenbosch weer, soos in 1905, 'n noemenswaardige plek in die vraagstuk beklee.

Daarom is dit goed om 'n oomblik stil te staan by ontwikkelinge 'n 100 jaar gelede toe 'n oënskynlik normale tipiese kollege-bedrywigheid - 'n openbare voorlesing op die rustige akademiese dorpie - 'n historiese proses aan die gang gesit het. Op Maandagaand 6 Maart 1905 het die ervare Kaapse politikus en leier van die Afrikanerbond Jan Hendrik Hofmeyr op uitnodiging van die studente van die pro-Nederlandse taalvereniging, Ons Spreekuur, 'n lesing voor 'n volgepakte CJV-saal gelewer oor die bedreigde posisie van Nederlands as openbare taal in die Kaapkolonie. Dit was nie sy eerste optrede van die aard op Stellenbosch nie. In 1889 het 'n toespraak van hom oor taal en geskiedenis 'n debat onder studente aan die Victoria Kollege oor taal en nasionaliteit aan die gang gesit.

In 1905 was Hofmeyr nie meer parlamentslid vir Stellenbosch nie en het hy om gesondheidsredes 'n mindere openbare rol as voorheen gespeel. Agter die skerms was hy egter steeds 'n invloedryke man wat, in die woorde van John X Merriman, kabinette kon maak of breek. Die mate van onafhanklikheid wat hy teen 1905 geniet het, het wel beteken dat hy baie meer eerlik en openhartig oor sake kon praat as wat hy as parlementariër stellig sou kon doen. Hy en anti-imperialistiese Engelse Kaapse politici was op daardie tydstip besig met gesprekke wat tot die transformering van die Afrikanerbond tot 'n nuwe politieke party, die Suid-Afrikaanse Party, sou lei. Vir hierdie transformasie het hy die samewerking van gematigde Engelstaliges soos die Stellenbosser John X Merriman en WP Schreiner nodig gehad. Die bedoeling met die transformasie was om gematigde, Kaapsgesinde Engelstaliges te betrek in 'n sterk politieke beweging met 'n duidelike Kaapse patriotisme wat sou verseker dat die Kaapkolonie sy leiersrol in Suid-Afrika versterk te midde van die magtige Brits-imperiale sentimente en die opkomende republikeinse reaksie op die gevolge van die Anglo-Boereoorlog en die Vrede van Vereeniging. Dit was veral lord Alfred Milner en sy Rekonstruksiebeleid wat Suid-Afrika in 'n onbetwiste en veilige hawe van Anglo-Saksiese en imperiale dominansie wou omskep, wat vir sowel die republikeine as die Kaapse patriotte voor nuwe uitdagings geplaas het. In die Kaapkolonie, waar die noordelike republikeinse reaksie afwesig was, maar veel simpatie geniet het, was die rol van die omstrede leier van die Jameson-inval van 1895 as die kolonie se nuwe Eerste Minister, Leander Starr Jameson, die verpersoonliking van die bedreiging wat die Hollands-Afrikaanse burgers en die Kaapse patriotte in die gesig gestaar het. Dit is teen hierdie agtergrond dat Hofmeyr se toespraak 'n merkwaardige gebeurtenis is.

Waarom het hy juis Stellenbosch gekies om die toespraak te maak?

Die ooglopende antwoord op die vraag is dat hy dit gedoen het omdat die studente hom gevra het om oor die toekoms van Nederlands in Suid-Afrika te praat. Dit is immers die studente wat self die onderwerp "Is 't ons ernst?" aan die hand gedoen het. Dit verklaar egter nie waarom hy, in die lig van sy delikate onderhandelinge vir die transformasie van die Afrikanerbond, hom nie eerder op 'n versoenende toespraak wat gematigde Engelse kon paai, toegespits het nie. Hy kon dit gedoen het deur sy toespraak eerder op die aanmatigende beleid van die Milner-Jameson-groep toe te spits en so veral vir John X Merriman meer na die mond gepraat het. Hy het egter verkies om die studente en hulle ouers ernstig aan te spreek oor wat hy genoem het hulle lam, lou, pap, onbesielde Jan Salie-gees. Daar was klaarblyklik 'n dieper motivering by Hofmeyr. Om dit te begryp, moet 'n mens verder ingaan op wie en wat Jan Hofmeyr was ten einde 'n gevolgtrekking te kan maak oor wat daardie dieper motivering was.

Jan Hofmeyr was algemeen bekend as Onze Jan, 'n ere naam wat terloops nie deur Bolanders aan hom gegee is nie. Die naam is die eerste keer op Graaff-Reinet gebruik om aan hom dank te betuig vir wat hy vir die Hollandse boeregemeenskap en die Nederlandse taal gedoen het. Die ere naam, en sy waardige standbeeld deur Anton van

Wouw op Kerkplein in Kaapstad - in 1920 opgerig tien jaar ná sy dood en toe daar nog geen standbeeld vir republikeinse leiers soos Paul Kruger, MT Steyn en genl. De Wet was nie - wat hom as 'n ferm, doelgerigte, maar hoflike en nederige mens uitbeeld, sê twee dinge van hom: dat hy naby die hartklop van sy mense geleef het en dat hy 'n vasberade, toekomsgerigte, probleem-oplossende mens was, vry van persoonlike magsambisies. Sy ferme leiersrol, dikwels agter die skerms - hy het net een keer ingewillig om 'n kabinetspos te aanvaar en by meer as een geleentheid kabinetsaanbiedinge en selfs die pos van Eerste Minister en die van President van die ZAR van die hand gewys, en by twee geleenthede die aanbod van 'n sir-skap geweier - en sy hoflike hantering van oor-entoesiastiese, maar onpraktiese ondersteuners en bittere opponente, het sy meer as veertig jaar in die Kaapse openbare lewe gekenmerk.

Hofmeyr was deel van 'n nuwe geslag Kaapse Afrikaners/Hollanders wat in die tweede helfte van die negentiende eeu die volle golfslag van Victoriaanse imperialisme, soos dit hom in suidelike Afrika sou openbaar, aan die lyf gevoel het. Daarom moes hy en sy tydgenote voortdurend keuses maak en belange teen mekaar opweeg: watter beleid en optrede is in die beste belang van ons Kaaps-Hollandse toekoms? Sommige van sy tydgenote sou deur die golf meegesleur word. Hofmeyr sou na maniere soek om die golf te ry. Hy sou deel word, trouens die leier, van 'n groep brawe Bolanders op soek na 'n plek en veral vir hulle as Kaapse Hollanders te midde van die Victoriaanse mag en glorie. Die nuwe situasie wat deur die verlening van Verantwoordelike Bestuur aan die Kaap in 1872 geskep is, sou aan hulle bepaalde geleenthede bied, maar ook ernstige probleme skep.

Die jong Hofmeyr (gebore in Kaapstad 4.7.1845, oorlede in Londen 16.10.1909) was deel van die groot Hofmeyr-familie wat soveel leiersfigure in die kerklike lewe, die politiek en die onderwys en die akademie sou oplewer. 'n Mens hoef maar die sketse van die verskillende Hofmeyrs in die Suid Afrikaanse Biografiese Woordeboek te lees om te besef hoe 'n betekenisvolle invloed die familie op die geskiedenis sou uitoefen. Prof. NJ Hofmeyr, die teoloog, wie se standbeeld voor die Teologiese Fakulteit op Stellenbosch staan, was byvoorbeeld Onze Jan se pa se broer. WA Hofmeyr, stigter van Nasionale Pers, Sanlam en Santam en Jan Hendrik Hofmeyr, die klassikus en eerste rektor van Wits en aspirant-kandidaat om Jan Smuts as leier van die Verenigde Party op te volg, was Onze Jan se kleinneefs. Hoewel sy ouers boere in die Somerset-Wes-distrik was, het hy by sy grootouers in Kaapstad opgegroeï waar hy onder meer die Hollandse skool Tot Nut van 't Algemeen besoek het, waar die grondslag vir sy besondere gehegtheid aan Nederlands gelê is. Van 1859 tot 1861 was hy student aan die South African College waar hy 'n besondere indruk op die professore gemaak het en sy groot waardering vir die Engelse taal en letterkunde ontwikkel het. Saam met hom in die klas was JH de Villiers, die latere sir Henry de Villiers, hoofregter en voorsitter van die Nasionale Konvensie, en prof. PJG de Vos, die latere Stellenbosch teoloog en kampvegter vir Nederlands. Prof. Roderick Noble, professor in Engels en Physical Science aan die kollege, het veel van hierdie studente verwag. Ironies genoeg het hy verklaar dat die jong Hofmeyr, en nie De Villiers nie, vir hom veel van die eienskappe

van 'n "ideal Briton" verteenwoordig. As oudstudent sou Hofmeyr jare lank noue bande met die Kollege handhaaf en onder andere voorsitter van die Senaat en stigter van die Oudstudente-unie word. Hy was van voorneme om 'n groot skenking aan die Kollege na te laat, maar die wyse waarop studente hom ná die ontsetting van Ladismith met klippe gegooi het vanweë sy simpatie met die republieke, het sy gevoel handomkeer verander. Hierna sou die Victoria Kollege die voorwerp van sy belangstelling word en sou hy groot skenkings aan die Kollege maak. Dit is versterk deur die feit dat hy van 1879 tot 1895 parlamentslid vir Stellenbosch was toe hy vrywillig uitgetree het, enersyds om gesondheidsredes, maar andersins ook omdat hy die politiek in Rhodes, met wie hy 'n samewerkingsooreenkoms gehad, se kabinet onbevredigend begin vind het. Volledigheidshalwe moet ook die politieke twis tussen twee Stellenbosch-families as oorsaak van sy uittrede vermeld word.

As openbare figuur is Hofmeyr deur sy ervaring as koerantredakteur geslyp. Hy was stigter van *De Volksvriend* (1862-1871), 'n koerant wat veral die konserwatiewe godsdienstbeskouings teen die liberale strominge wat in die Hollandse kerke en aan die Kaap posgevat het, verteenwoordig het. Dit het hom as inwoner van Kaapstad in noue aanraking gebring met die Bolandse Afrikaners, in besonder dié van die Paarl en Stellenbosch. Die oudste Nederlandse koerant, *De Zuid-Afrikaan*, het in 1871 met *De Volksvriend* saamgesmelt en die leidende mondstuk van Hollandse belange geword.

Hofmeyr as openbare figuur

Hofmeyr het in belangrike opsigte as 'n tweede geslag die werk voortgesit van die eerste parlamentslid vir Stellenbosch (in 1854 het die kiesafdeling weliswaar 'n groter gebied as net Stellenbosch ingesluit), die regsgeleerde, Christoffel Brand. Brand is in 1854 ook tot die eerste Speaker van die Kaapse Parlement verkies, iets wat hom, terloops, verhinder het om in openbare kwessies 'n groter leiersrol te vertolk. Brand was die stigter van die Hollandse koerant *De Zuid-Afrikaan* in 1830, wat juis die Kaapse Hollandse koloniste se standpunt moes weerspieël. Net soos vir Hofmeyr ná hom, het die bevordering van die Nederlandse taalbelange, onderwys en godsdienst hom na aan die hart gelê.

As redakteur van *De Volksvriend* het Hofmeyr aanvanklik as kampvegter vir die godsdienstbelange, maar later toenemend vir die ekonomiese, politieke en kulturele belange van die Afrikaners, veral in die Wes-Kaap, begin optree. Van tyd tot tyd het hy dit beklemtoon dat eersgenoemde drie belange nie behoorlik gedien kan word as die gebruik van Nederlands in die openbare lewe nie toegelaat word nie. Hiervoor is hy heftig deur personeel en studente van die South African College gekritiseer en deur Engelse koerante aangeval. Hy het ook sy studentemaat Henry de Villiers aangespreek oor sy toegeeflike houding oor taalregte en sy te sterk pro-Britse imperiale simpatie.

Iets wat onder die Bolanders aanvanklik sterk teen Hofmeyr gereken is, was dat hy geen boer was nie, maar 'n stedeling en joernalis, net soos Christoffel Brand. Dit is

waarom hy in 1876 die benoeming as kandidaat vir Stellenbosch verloor het. Twee sake sou egter sy beeld by hulle verander: die pleidooie in sy koerant vir die beskerming van boerebelange, veral in die wyn- en graandistrikte, en sy pleidooie vir Nederlands in die openbare lewe, waardeur hy die werk waarmee Christoffel Brand begin het, voortgesit het. Sy koerant het toenemend die mondstuk van die Boeren-Beschermingsvereniging (gestig in 1873 as teenhanger vir die Oos-Kaapse pro-separatistiese Farmers Association) geword. Met die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1877 deur Theophilus Shepstone het hy ook as pleitbesorger vir die kultuurgenote in die noorde opgetree, soos Christoffel Brand dit vir die Voortrekkers gedoen het. Hy was nie positief oor die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners deur SJ du Toit in 1875 nie omdat hy dit as verdeling van kragte beskou het en hy eerder Nederlands as Afrikaans wou bevorder. Toe SJ du Toit in 1879 die Afrikanerbond as 'n oorkoepelende Afrikaner politieke organisasie stig, was Hofmeyr aanvanklik 'n teenstander omdat die idee van 'n verenigde Suid-Afrika onder 'n eie vlag na sy oordeel onhaalbaar en onwenslik was. Teen 1882 word hy egter lid van die Bond en stigter van die Kaapstadse tak. Hy sou die Bond hierna wegstuur van die Du Toit-benadering in die rigting van die aanvaarding van die Britse vlag, die imperiale verbintenis en lojaliteit aan koningin Victoria. Dit was sy oortuiging dat dit die enigste weg was om sy vier groot ideale te bereik: die bevestiging van die Kaapkolonie se leierskap in suidelike Afrika sonder enige Brits-imperiale inmenging, die beskerming van boerderybelange, die bevordering van Nederlands en versoening en samewerking met sy kultuurgenote in die twee noordelike republieke.

Wat was die besondere kenmerke van Hofmeyr se leierskap?

Toe Hofmeyr tot die Kaapse Parlement toegetree het, was daar reeds verskeie pogings om die gebruik van Nederlands in die openbare lewe te bevorder, veral van die kant van die Sinode van die NG Kerk. In 1881 nog het WP de Villiers se poging in die Kaapse Parlement misluk. Met sy toespraak op 20 Maart 1882, wat deur Davenport as 'n meesterstuk beskryf word, het Hofmeyr die leiding oorgeneem in die taalstrewende en in die volgende jare stelselmatig terrein verower vir die gebruik van Nederlands in die skole, die staatsdiens, die howe en in die parlement. Veral laasgenoemde het beteken dat meer Nederlandstalige boere bereid was om as kandidate vir die Kaapse parlement te staan. Die eerste toespraak in Nederlands is dan ook op 13 Junie 1882 deur JG Luttig gelewer. Die Voorsitter van die Afrikanerbond, Jansen van Rensburg, wat geen Engels geken het nie, kon toe ook vir die eerste keer sy parlementêre verantwoordelikhede na behore nakom.

Dit is belangrik om daarop te wys dat hy in hierdie toespraak erkenning gegee het aan die feit dat daar in talle distrikte in die Kolonie meer Kleurlinge (dit is die woord wat hy gebruik het) was wat Hollands gepraat het as blankes en die stemgeregtigdes onder hulle ook die reg moet verkry om deur hulle taal aan die parlementêre prosesse te kan deelneem. Hy het ook dit duidelik gestel dat sodra daar genoeg swartes ("naturellen")

was wat parlamentslede kon verkies, hulle ook toegelaat moes word om hulle taal in die parlement te gebruik.

Hofmeyr het die leier van die Afrikanerbond en sy vernaamste strateeg geword. Die probleem was egter die groeiende gaping tussen teorie en praktyk. In woorde was dit steeds vir die regering van die dag moontlik om lippediens aan die wetgewing te bewys en in die praktyk die minimum te doen om dit toe te pas. Hierdie situasie sou ná die Anglo-Boeroorlog 'n ernstige wending neem toe al hoe sterker stemme opgegaan het om die taalwetgewing te herroep.

Hofmeyr was ook 'n sterk voorstander van die Kaapse stemregstelsel en het pogings aangewend om die steun van bruin geregistreerde kiesers te werf. Selfs nuwe swart leiers soos Tengu Jabavu in die Oos-Kaap het by geleentheid probeer om die Afrikanerbond/SAP vennootskap te help om met swart steun parlementsetels in die Oos-Kaap te verower. Maar oor die algemeen was Hofmeyr teleurgesteld dat bruin kiesers nie in groter getalle vir die Afrikanerbond gestem het nie. Hulle pro-Britse houding tydens die Anglo-Boeroorlog en hulle demonstrasies teen die Kaapse Afrikanerbond se betuiginge van simpatie met die republieke het tot demonstrasies en optredes teen Afrikaner-kandidate gelei.

Hofmeyr was ook 'n voorstander van 'n federale eerder as 'n uniale stelsel vir 'n verenigde Suid-Afrika. Dit is die enigste manier waarop die Kaapkolonie 'n mate van beheer oor sy eie belange en oor sy relatief liberale stemregkwalifikasies kon behou. Die "naturellevraagstuk", soos dit destyds bekend was om dit te onderskei van die rassekwessie wat op Engels-Afrikaanse verhoudinge betrekking gehad het, het 'n sentrale rol gespeel in die debat oor 'n verenigde Suid-Afrika. In die jare rondom uniewording het Stellenbosch se studente en personeel besonder aktief aan besprekings van die vraagstuk deelgeneem. In sy gradedagtoespraak in November 1906 het John X Merriman 'n standpunt gestel wat ook Hofmeyr se basiese sentimente verteenwoordig het: die blanke kan net vir hom 'n toekoms in Suid-Afrika verseker as die ontwikkelde en geleerde swart/bruin elite met die blanke samelewing en kultuur geamalgameer kan word.

Nog 'n voorbeeld van die aktiewe aandag aan die saak is die uitsprake van prof. Roger Broom, die wêreldbekende argeoloog, wat tussen 1904 en 1910 professor op Stellenbosch was. In 'n openbare lesing in 1905 het hy 'n vergelyking tussen die posisie van die Australiese boorlingvolke en die Suid-Afrikaanse swartes getref en klem gelê op die groot vordering wat laasgenoemde besig was om te maak. Hy het beklemtoon dat hierdie ontwikkeling die "naturellevraagstuk" 'n dringende een maak wat nie na die agtergrond geskuif sal kan word nie. In 1910 het hy weer in 'n openbare lesing voor die studente, beklemtoon dat Suid-Afrika 'n swart regeerde land sal word as die swart elite nie by die wit samelewing geïnkorporeer word nie en as grootskaalse wit immigrasie en 'n verenigde wit Suid-Afrika waarin Engels- en Hollandssprekendes 'n eenheidsfront vorm, nie tot stand kom nie.

Die studente se reaksie op hierdie debat te midde van die majeurtone van die taaldebate is insiggewend. Terloops, die vermenging van Engels, Hooghollands en Afrikaans het by veral studenteleiers groot argwaan verwek. Hulle het na hierdie studente as die BEB's (Bak en Brou) verwys. Die meeste artikels vra 'n dringende oplossing om vir die wittes in Suid-Afrika 'n toekoms te verseker. Een artikel bring die twee debatte bymekaar uit en voorspel dat teen 1950 sowel Engels as Afrikaans deur die swart tale verdring sal word.

Dit is belangrik om daarop klem te lê dat die taal- en rasseverhoudingebatte in hierdie tyd gelyklopend was. Dit word geïllustreer deur 'n artikel in die studenteblyd wat die toekomsvooruitsigte vir die verwantskap tussen die twee uitspel. Onder die opskrif "A Hundred Year Hence", skryf 'n student 'n denkbeeldige berig oor die toestand op Stellenbosch in 2010:

"On Tuesday evening the Municipal Council held its weekly meeting when Mr Tengo Mabavu was re-elected Mayor. We tender him our heartiest congratulations.

It was also decided that the rent of the huts in the 'Poor Whites' location should be raised from 3/- to 5/-.

At the official opening of the College last night, the Chairman of the Council, Rev Dr Siyaya, announced amid deafening applause that the University Council had at length decided that Basuto should be the medium in the examinations, while Fingo and Zulu could replace English and Dutch respectively as the modern languages in the BA Syllabus. He was glad he remarked to see a few European students in their midst. Higher education for the whites was, he continued, an excellent thing and would be encouraged as much as possible."

Hofmeyr het 'n aantal basiese strategieë vir die bevordering van sy strewes gevolg. Hy het eerstens daarop klem gelê dat die politieke prosesse die enigste is waarlangs betekenisvolle resultate bereik kan word. Daarom moes Afrikaners, wat redelik afsydig teenoor die koloniale politiek gestaan het, aangemoedig word om betrokke te raak. In die Oos-Kaap moes hulle oortuig word daarvan dat hulle nie hulle heil by die Separatistiese Beweging moes soek wat 'n eie Oos-Kaapse regering tot stand wou bring nie. Die opsie was vir hulle aantreklik omdat hulle hulle wolbelange deur die Agricultural Association kon bevorder en deur 'n eie Oos-Kaapse regering 'n regstreekse beroep op die Britse publiek kon doen om hulle veiligheid op die oosgrens met meer simpatie te bejeën as wat sedert die terugroeping van sir Benjamin D'Urban in 1836 die geval was. Daar was twee kwessies wat vir hierdie potensiële samewerking probleme geskep het, probleme wat Hofmeyr goed begryp het en deeglik gebruik het. Die een was die besef dat die Koloniale Kantoor in Londen deel van hulle probleem met beveiliging op die oosgrens was en nie deel van die oplossing nie. Afrikaners se wantroue in die Koloniale Kantoor is voldoende in die voorafgaande dekades gedemonstreer om hierdie faktor 'n belangrike verdelende een tussen Afrikaners en Engelse in die Oos-Kaap te maak. Die

tweede probleem was die gebrek aan wedersydse begrip en kommunikasie veral vanweë die taalprobleem en ander historiese verskille. Hierdie Afrikaners het drie opsies gehad: hulle kon hulle oë na die noorde wend en hulle heil van die twee Boererepublieke verwag wat na die ontdekking van diamante en goud aanloklike handelsmoontlikhede gebied het. Tweedens, kon hulle aansluiting by hulle Wes-Kaapse taal- en kultuurgenote soek wie se landboubelange nie identies aan hulle s'n was nie, maar na genoeg om samewerking moontlik te maak. Die derde opsie was om bondgenote van die Britse imperiale belangegroep te word en hulle te laat gebruik vir die uitbreiding van die Britse gesag in Griekwaland-Wes, Basoetoeland en later ook die Transkei en om die Britse druk op die ZAR te ondersteun.

Hofmeyr het in die praktyk sterk simpatie met die noordelike republikeine betoon, maar terselfdertyd klem daarop gelê dat die toeganklikheid van die noordelike markte vir Kaapse produkte, die belangrikheid van die Kaapse spoorweë en hawens, hulle behorende aandeel in doeane-inkomste en die Kaap se prominente leiersposisie nie deur die simpatie benadeel moes word nie. Terselfdertyd het hy sterk klem gelê op samewerking met gematigde Engelssprekendes wat die Kaapse belange eerste gestel het. Sy samewerking met Cecil John Rhodes as Kaapse Eerste Minister was stellig sy belangrikste oordeelsfout. Hy het eerlik geglo dat Rhodes sy taal en ekonomiese beleide ondersteun. Toe Rhodes se aandeel aan die Jameson-inval aan die lig gekom het, is sy vertroue in so 'n mate geskok dat hy ná 1902 Rhodes-geassosieerdes van alle moontlike samewerking uitgesluit het.

Die krag van Hofmeyr se strategie was geleë in wat die Australiese biograaf van Jan Smuts, prof. WK Hancock, later sou bestempel as die insig dat die gevestigde bevolking van enige land 'n veel groter bydrae tot die land se ontwikkeling lewer as die pioniers op die voorposte. Met ander woorde, die gevestigde bevolking in die georganiseerde landboudistrikte van die Boland en Wes-Kaap was van groter betekenis vir die toekoms as die Voortrekkers en die pioniers in die binneland. Dit is immers die gevestigde bevolking wie se wortels diep in die aarde ingelaat is en daarom tot beter ekonomiese, opvoedkundige, kulturele en beskawende institusies lei.

Waarom het Hofmeyr die leier geword en nie een van die ander prominente figure soos SJ du Toit of Henry de Villiers nie? Of ander prominente leiers soos die voorsitter van die Afrikanerbond Thomas Theron en DP Ackerman uit die Oos-Kaap nie? Naas SJ du Toit was daar sterk leiersfigure in die Paarl waar die kern van die brawe Afrikaners saamgetrek was wat juis die soort mense was na wie Hancock verwys. Persone soos ds. GW van der Lingen, AB de Villiers, die medikus en parlamentslid dr. Josias Hoffmann en die ander parlamentslid en Paarlse sakeman JS Marais.

Die antwoord is waarskynlik in twee dinge te vind: die opsies wat beskikbaar was en waarvoor keuses gemaak moes word, en die verskillende beginselstandpunte, style en strategieë van drie kandidate: Henry de Villiers, SJ du Toit en JH Hofmeyr.

Henry de Villiers het in 1876 'n basiese keuse gemaak wat hy in werklikheid eers in 1907 herroep het. Dit is nie uitgesluit dat sy 1907-verandering van standpunt daarop gemik was om hom 'n aanvaarbare kandidaat vir die voorsitterskap van die Nasionale Konvensie in 1909/1910 te maak nie. In 1876 het hy met stelligheid verklaar dat Nederlands nie daarna kan strewen om die gelyke van die Engelse taal in Suid-Afrika te wees nie en dat Nederlands met 'n nederige rol as private omgangstaal tevrede moes wees. Ten spyte van Eric Walker se simpatieke biografie waarin hy aantoon dat Henry de Villiers meer vir sy taal omgee het as wat hierdie keuse aandui, en sterker op Kaapse belange as imperiale belange gestaan het, is dit eers in 1907 dat hy sy fundamentele keuse hersien het. Dit is toe dat hy hom met Hofmeyr en die Afrikanerbond se strewen na taalgelykheid vereenselwig het, op 'n tydstip toe die Afrikanerbond die belangrikste faktor in die Kaapse politiek geword het. 'n Klein stukkie persoonlike geskiedenis illustreer die verskil tussen hulle. Henry de Villiers het die aanbod van 'n Britse sir-skap met graagte aanvaar wat daartoe gelei het dat hy verkeerdelik in sommige Britse kringe as die leier van die Afrikaanse koloniste beskou is. Hofmeyr, daarenteen, het, soos Merriman en generaals Louis Botha en Jan Smuts, twee keer 'n sir-skap van die hand gewys. Sy argument was dieselfde as hulle s'n: "dit stuur die verkeerde boodskap aan ons mense".

Waarom het die flambojante SJ du Toit, wat die insig gehad het wat Hofmeyr nie gehad het nie, naamlik dat Afrikaans en nie Vereenvoudigde Nederlands nie die taal van die toekoms is, nie die leier van die brawe Bolanders geword nie? Die vurige Calvinis, groot onderwysman, boeiende spreker en prediker wat hy was en wat sterk persoonlike loyaliteite by mense kon skep, het 'n element van opportunistiese geopenbaarheid wat nie tussen korttermyn-winst en langtermyn-gevolge onderskei nie. Daarom het hy 'n reeks keuses gemaak wat eerder van politieke naïwiteit getuig het as van standvastige en betroubare leierskap.

Hofmeyr was nie net die standvastiger van die drie nie, maar vir die Bolanders ook die meer betroubare. Hy was 'n politieke makelaar eerder as 'n magsoeker. Daarom dat hy net een kort tydperk in die kabinet gedien het en het hy sy bedanking uit die Scanlen-kabinet so hanteer het dat die nuwe kabinet uit erkentlikheid vir sy hofflike en sensitiewe hantering van die kabinetskrisis, hom gehelp het om sy taalstrewen te bevorder. Dit is ook waarom hy die respek van heelwat Kaapsgesinde Engelssprekendes gewen het. Hoewel daar ingrypende verskille in styl, standpunte en persoonlikheid tussen hom en Merriman was, het hulle veral na die Jameson-inval in belangrike opsigte nader aan mekaar beweeg. Hulle het 'n besondere wedersydse respek vir mekaar gehad. Merriman was 'n politieke kruisvaarder, Hofmeyr 'n stuurman. Merriman het na hom as "the mole" verwys, wat die indruk geskep het dat hy ondergronds gewerk het. Merriman, die vurige politikus met sy entoesiastiese kennis van die Klassieke geskiedenis as verwysingsraamwerk vir menslike gedrag, sy loyaliteit aan die Britse monargie en rykseenheid, sy geloof in die superioriteit van die Engelse taal, sy verbintenis tot Kaapse belange eerder as imperiale belange en sy vermoë om begrip by Afrikaner koloniste te wek, het ook 'n besondere verhouding met Stellenbosch met

Hofmeyr gedeel. Albei het hulle aanhang onder Stellenbossers gehad. Hofmeyr was op 'n stadium die eienaar van die historiese huis wat vandag die Grosvenor Museum is. Merriman het hom in 1892 op Stellenbosch gevestig toe hy die historiese plaas Schoongezicht gekoop het. Albei het op verskillende stadiums Stellenbosch in die Parlement verteenwoordig.

Daar was veral twee sake waaroor hulle aansienlik verskil het. Anders as Hofmeyr was Merriman magsgerig en was dit sy groot oomblik toe hy, danksy Hofmeyr se rol agter die skerms, in 1908 Eerste Minister van die Kaapkolonie geword het. Dit was die resultaat van Hofmeyr se transformasieproses waardeur hy die Afrikanerbond in die Suid-Afrikaanse Party omskep het, wat as opposisie-groepering die pro-imperialistiese Progressiewes, onder leiding van Leander Starr Jameson, uit die kussings gelig het. Merriman se ambisies sou egter in 1910 'n nekslag kry toe Louis Botha bo hom as eerste Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika benoem is.

Die ander saak waaroor hulle verskil het, was taalbeleid. Danksy Hofmeyr se invloed het Merriman oor die jare sy jingoïstiese siening ('n siening wat hy later met groot minagting sou bejeën toe Alfred Milner as die ultra-jingoïs op die voorgrond getree het), verander na 'n simpatieke begrip vir Hollandse taalregte. Daarom kon hy vir etlike jare Hollandse kiesafdelings soos Aliwal en Victoria-Wes in die Kaapse parlement verteenwoordig. Daar was egter 'n duidelike perk wat hy aan die erkenning van Nederlands gestel het. Dit moes nie daarop aanspraak maak om die gelyke van Engels te wees nie. Hollands moes gebruik word om Afrikaners in die politieke proses te betrek en om Milner se jingoïsme te beveg. So was hy byvoorbeeld 'n sterk teenstander van die gedagte dat die nuwe Universiteit van Stellenbosch Nederlands as medium van onderrig gebruik. Die taal is nie vir hoër funksies geskik nie en Nederlands as onderrigtaal op Stellenbosch gaan net Afrikaners in staat stel om hulle van die seëninge van die Engelse wereld af te sluit. In 1910 het 'n aantal Stellenbossers Merriman gevra om as kandidaat van die Suid Afrikaanse Party te staan, maar hy het dit van die hand gewys. In 1915 het hy dit wel gedoen en in die verkiesing die Nasionale Party se kandidaat, CL Marais, die broer van Jannie Marais, met 1 674 stemme teen 826 verslaan. "I got through the disgusting ordeal all right despite the Marais money bags which were used in a most unscrupulous way," was sy vertolking van die verkiesing.

Die Jameson-inval in 1895, die Anglo-Boereoorlog en die Rekonstruksiebeleid van Alfred Milner is deur Hofmeyr met groot kommer bejeën. Die ontkiesing van 'n beduidende aantal kiesers van die Afrikanerbond, die geleidelike wegdoen met die gelykheid van die twee tale en die ekonomiese konsekwensies van Milner se voorkeur vir kapitalisiese goudmynbelange en ingevoerde Britse staatsamptenare het by Hofmeyr toenemende kommer gewek dat alles waarvoor hy hom in die vorige dekades beywer het, sistematies weggekalwe word. Meer ontstellend was die tragiese reaksie van Kaapse koloniste, en veral Stellenbosch-studente wat daarop gedui het dat hulle reeds die slagoffers van Milner se beleid geword het. Die taalbewustheid wat Brand en Hofmeyr so sorgvuldig sedert 1831 ontwikkel het, was vinnig aan die verdwyn. Dit was vir

Hofmeyr 'n skok dat leidende parlamentslede van die Afrikanerbond soos die voorsitter Thomas Theron, Thomas te Water en dr. Josias Hoffmann na die gebruik van Engels in die Kaapse Parlement oorgeslaan het. Ook die interne stryd tussen Hooghollands, Vereenvoudigde Nederlands en Afrikaans het verlamd ingewerk op Afrikaners se vermoë om die doelgerigte angliseringsproses van Milner teen te werk. Wat help dit, het hy geoordeel, as 'n handjievol brawe Bolanders binne en buite die politiek regte verower wat nie deur massa Afrikaners opgeneem en gebruik word nie? Die massa sluk die versuikerde angliseringspil met die verwagting dat dit vir hulle deure na staatsposte en politieke korrekte onderwys binne die Britse Ryk sal open. Hulle argument het min of meer só geluid: Ons is nou een maal verslaan. Laat ons nugter wees en aanvaar dat alles waarvoor ons gehoop het, vernietig is. Ons politieke mag is gebreek, groot dele van ons genote, veral in die noorde, is in armoede gedompel. Armoede-verligting moet nou ons hoogste prioriteit wees en daarvoor moet ons die simpatie wen van die enigste mag wat die kapitaal en kundigheid kon voorsien om armoede te bestry. Ons moet lojale ryksburgers word en uit dankbaarheid sal die imperiale administrasie ons met gunste en gawes beloon. Koop vir jou 'n toekomst deur te rekonstrueer soos Londen dit wou hê en moenie hardkoppig wees nie.

Die toespraak

In sy boeiende toespraak, wat dikwels deur die studente met toejuiging onderbreek is, het Hofmeyr reguit en eerlik gepraat. As die vader van die taalwetgewing waarin die beginsel van taalgelykheid erken is, maar die praktyk daarvan nie uitgespel of omskryf is nie, het hy na die posisie van Nederlands verwys as "onze arme, miskende, verguisde, verdrukke, vertrapte moedertaal". Dit het sy toenemende ontnugtering met die gebrek aan werklike toepassing van die taalbeleid sedert 1895 weerspieël. Tog het Hofmeyr sy gehoor gemaak om nie net altyd die regering, en veral dr. Muir die Superintendent van Onderwys, vir die agteruitgang in die gebruik van Nederlands te blameer nie, hoe groot hulle skuld aan die toedrag van sake ookal mag wees. Hofmeyr het erken dat die "hoog geroemde taalgelykheid in die Kaapkolonie glad nie bestaan nie, dit was nog altyd 'n fiksie en is dit nog meer so vandag." Maar dan moet Hollandse Afrikaners (hy gebruik die twee as wissel terme) ook die hand in eie boesem steek. "Bedien ons Hollandse Afrikaners ons op ons skole wel van die vryheid wat die wet ons gun om die reg op Hollandse onderwys te eis wat selfs dr. Muir ons nie kan verbied nie."

Waarmee moet daar erns gemaak word? "Erns met ons bewering, met die bewering van so baie - dat hulle, dat ons, die miskennis, verguising, minagting, vertrapping van ons taal werklik voel, dit betreur en verlang dat ons taal opgehef word, sy eer herstel word, en dat ons alles in ons vermoë daartoe sal bydra. Of gee ons maar net voor dat ons omgee vir ons taal terwyl ons in werklikheid net maar gods water oor gods akker laat loop as dit by daad aankom? Of is ons hart wel op die regte plek, maar onself te lam, te lout, te pap, te veel met 'n Jan Salie-gees besiel om ons plig teenoor ons taal na te kom?"

Hofmeyr rig hom dan spesifiek tot die studente: "Wat is julle persoonlike bydrae om die saak van Nederlands te bevorder? Is julle met die nodige goeie kennis van julle moedertaal toegerus om dit suiwer en korrek te gebruik of gaan julle mee met die stroom wat alles, van plekname tot liefdesbriewe en godsdienstbeoefening, in 'n Engelse idioom en uitdrukking verwerk? Vind julle dit "queer", soos 'n damestudent aan my gesê het, om weer Nederlands te moet gebruik wanneer julle tuis by julle ouers is? Julle het die vrye keuse om daarop aan te dring dat julle Nederlands op skool wil neem, maar doen julle dit?"

In sy toespraak gee hy dan talle voorbeelde van hoe Nederlandse ouers en jong mense doelbewus hulle rug op Nederlands draai omdat hulle glo dat hulle net Engels vir hulle toekoms nodig het. Dit juis veral die dogterskole, die "Ladies Seminaries", waaronder Bloemhof, wat volledig verengels het. In die Transvaal het 53% van die blanke leerlinge in laerskole Hollandse onderrig ontvang, in die Kaapkolonie net 13%.

Hofmeyr verwerp die argument van ouers dat hulle kinders geen Nederlandse onderrig hoef te ontvang nie, want kennis van Nederlands kom vanself. Hy wys op die voorbeeld van talle ander klein minderheidstale in die wêreld wat hulle handhaaf teen die mag van die twee groot wêreldtale Engels en Frans. Hulle slaag daarin omdat die ontwikkeling en behoud van hulle eie tale vir hulle 'n saak van groot erns is. Dan sluit Hofmeyr sy toespraak af met die volgende oproep tot die studente: "Julle is nie minder dan hierdie volke nie. Ten spyte van al die politieke en ander teenstand wat julle ondervind, kan julle dieselfde presteer as hulle mits julle trou is aan julleself. INDIEN HET U ERNST IS."

Hofmeyr wend hom ook tot die leiers in die Afrikaanse gemeenskap en die ouers wat op openbare vergaderings hulle lojaliteit aan hulle moedertaal betuig, maar hulle kinders na Engelse skole stuur en wat as skoolhoofde en bestuursraadslede geen vinger verroer om Nederlands sy gelyke plek in die onderwys te verseker nie. Hierdie oproep sou in die geval van Bloemhof nogal onmiddellike resultate oplewer.

In 'n boeiend-openhartige deel van sy toespraak gee Hofmeyr besondere erkenning aan die waarde wat Engels vir hom as persoon het: "My kennis van en toegang tot Engels, waarin ek op kollege gepresteer het, is vandag nog - grys- en kaalkop soos ek is - vir my 'n bron van trots want deur Engels het ek ook die waarde van egte patriotisme en die waarde van die Nederlands en ander tale leer ken. Ek begryp die ontstaan, die wording, die verdienste van my eie Afrikaanse spreektaal beter omdat ek Engels ken. Daarenteen het Hollands en Afrikaans my op praktiese wyse, feitelik, dieper ingelei in die vorming en aard van die Engelse taal as wat die studie van 'n halfdosyn lywige filologiese werke dit kon doen. Ek is 'n beter mens, ek is 'n beter Afrikaner omdat ek naas my Nederlands ook Engels ken ... My Engels het my nie ON- of ANTI-Afrikaans gemaak nie - dit het my nie gedenasionaliseer nie. Nee, dit het my geleer dat gehegtheid aan en gevoel vir taal, vir volk, vir stam en land, vir nasionale geskiedenis en sedes - dat vasberadenheid, beslistheid, taai volharding, onwankelbare moed en 'n strewe na grootse nasionale ideale Engelse sowel as Hollandse deugde is. Verloor ek

my gehegtheid aan my taal en geskiedenis dan sal ek deur die beste Engelse in hulle harte verafsku word omdat ek 'n onwaardige Afrikaner is ... "

Die nawerking van Hofmeyr se toespraak

Met 'n amper profetiese blik het die studentevoorsitter van die byeenkoms in sy bedankingswoord Hofmeyr verseker: "U het 'n saadkorrel laat val in 'n welbereide aarde". Hofmeyr het 'n nasionale debat aan die gang gesit wat enersyds die stryd tussen Hooghollands, Vereenvoudige Nederlands en Afrikaans sou verhewig, maar andersins die weg voorberei het vir die ontdekking van die nut en waarde van die moedertaal. Die groep brawe Bolanders soos die Marais', die De Villiers' (hoewel hulle nog diep verdeeld was met prominente De Villiers' soos Henry de Villiers (hoofregter) en Melius de Villiers (latere regter) wat op daardie stadium nog vas geglo het dat verengelsing die enigste weg vir die toekoms is), Du Toit's, De Waals, Malherbes, Neethlings, Malans, Jouberts en Hoogenhouts, wat reeds voor 1899 so 'n prominente rol gespeel het om die mate van wetlike erkenning wat Nederlands wel geniet het, moontlik te maak, het hierna vir hulle twee mikpunte gestel. Die volledige gelykberegting van Nederlands/Afrikaans met Engels in die Kaapkolonie en die ideaal van 'n eie Nederlandstalige hoër onderwysinrigting op Stellenbosch. Die ideaal om die Victoria Kollege in 'n Nederlands/Afrikaanse universiteit te omskep, het van wal gestoot. Die toespraak het ook twee ander gevolge gehad: die middelpunt van die Nederlands/Afrikaanse taalstrewes het ootendelings van die Paarl na Stellenbosch verskuif en 'n nuwe geslag jong geleerde Afrikaners wat pas uit Europa teruggekeer het ná die voltooiing van hulle doktorsale studies, sou nou as leiers na vore tree ten gunste, nie van Vereenvoudigde Nederlands waarvoor Hofmeyr hom beywer het nie, maar van Afrikaans. Dit het mense soos DF Malherbe, JJ Smith, Tobie Muller en DF Malan ingesluit.

Dit is trouens DF Malan wat die uitdruklikste suidelike antwoord op Hofmeyr se vraag sou formuleer. Hierin is hy voorgegaan deur die opkomende kultuurleier in die noorde, die jong assistent-redakteur van De Volkstem Gustav Preller wat in 'n reeks artikels in die koerant tussen 19 April en 14 Junie 1905 die saak uitgemaak het waarom die bevordering van die moedertaal 'n saak van erns moet wees. Agtien maande later het 'n ander Stellenbosser, prof. WJ Viljoen, 'n knuppel in die hoenderhok gegooi met sy vraag in 'n openbare voorlesing "Wat is nu eigiik onze taal?" waarin hy die botsende aansprake van Hooghollands, Vereenvoudigde Nederlands en Afrikaans bespreek het. Twee jong oudstudente van die Victoria Kollege sou hierop prominent antwoord: dit moet Afrikaans wees. DF Malherbe het dit in sy beroemde debat met Viljoen op Wellington gedoen en DF Malan in Augustus 1908 voor die Afrikaanse Taalvereniging op Stellenbosch oor die onderwerp "Dit is ons erns". Net Afrikaans, het hy verklaar, het die vermoë om die sterk mededinging van Engels te weerstaan, nie Nederlands nie. Dit is nie deskundiges wat bepaal wat sal gebeur nie, maar die "volksmond en die volkshart". Tussen 1908 en 1925, toe Afrikaans as amptelike taal in die plek van Nederlands erken is, sou 'n lang debat en spannende skaakspel ontwikkel wat 'n noodsaaklike deel van

die ontwikkelingsproses moes wees. 'n Mooi illustrasie hiervan is die wyse waarop prof. JJ Smith in sy termyn as Voorsitter van die Universiteit Stellenbosch se Senaat in 1919 sy voorsittersverslae in Afrikaans gelewer het, terwyl die Voorsitter van die Raad, prof. Adriaan Moorrees, nog tot 1931 sou voortgaan om sy verslae in Hooghollands te skryf!

Hofmeyr se ontleding van die gaping tussen die teorie van taalgelykheid en die praktyk van taaldiskriminasie het die dominante tema van die taaldebate in Suid-Afrika geword tot vandag toe. Dit loop soos 'n goue draad deur die botsing tussen genls. Louis Botha en Jan Smuts aan die een kant en genl. Hertzog aan die ander kant. Dit het die basis gevorm van verskillende organisasies en aktiwiteite wat hulle in die dekades hierna vir die bevordering van die Afrikaanse taal sou beywer. Dit was die kern van die groot skolestryd in die jare veertig tussen moedertaal- en parallelmediumonderrig. Dit lê aan die wortel van die huidige twis oor Afrikaans in die onderwys, die uitsaaiwese, die staatsdiens en die sakewêreld.

Is die taaldebate van die Hofmeyr-tyd vandag nog ter sake?

Alvorens enkele van die vernaamste verskille en ooreenkomste tussen toe en vandag geskets word, moet eers gelet word op die redes waarom die oproep om erns van die moedertaal te maak, in die dekades na Hofmeyr geslaag het:

- Ten spyte van die oorwinning van die Engelse invloed deur die Anglo-Boereoorlog en die mobilisasie van 'n Alfred Milner, het die Afrikaners een belangrike faktor in hulle guns gehad. Hulle het die morele hoë grond beklee en kon die imperiale strewe en sy meeloper Engelse taal- en kultuur-oorheersing onder druk plaas omdat Brittanje 'n ernstige gewetenskrisis gehad het oor wat in die Anglo-Boereoorlog gebeur het. Om daardie gewetenskrisis te probeer oorbrug, is hy oor 'n aantal sleutelkwessies onder druk geplaas wat Afrikaner-solidariteit laat groei het en wat hulle in staat sou stel om hulle verslaenheid in 'n nuwe idealisme te omskep.
- Afrikaners kon hulleself politieke organiseer in oorwegend twee politieke groeperings, die Suid-Afrikaanse en die Nasionale Party wat albei by tye die regeringsmag beheer het en minstens in die teorie hulle volle steun aan volledige taalgelykheid toegesê het, al het hulle verskil oor hoe dit in die praktyk verwesenlik moes word.
- Afrikanernasionalisme, wat albei politieke partye beïnvloed het, het oor 'n wye terrein neerslag gevind en tot 'n aktivering van die Afrikaanse gemeenskap gelei wat vir die volgende negentig jaar belangrike ralspelers in Suid Afrika sou wees. CFJ Muller het hierdie ontwikkeling as die [Eerste?] Afrikaanse Renaissance beskryf.
- 'n Nuwe jong geslag Europees-opgeleide leiers het na Suid Afrika teruggekeer en die saak vir Afrikaans met veel meer gesag, status en vernuwende bydraes hanteer as die geslag van die Genootskap van Regte Afrikaners.

- Hulle het nagelaat om iets te doen aan Hofmeyr se somtyds wel versluisde begeerte om die hele taalgemeenskap en nie net die wit sprekers van die taal te betrek nie. Dit is waarskynlik die terrein wat die kenmerk van die Tweede Afrikaanse Renaissance sal vorm.

Teen 1990 het die geskiedenis 'n sirkelgang voltooi en was die openbare debat oor taalsake weer terug waar dit in 1905 was, met belangrike verskille:

- Die belangrikste verskil is sekerlik die feit dat die morele situasie presies die teenoorgestelde was as wat dit in 1905 was. Afrikaans het teen 1990 nie die morele hoë grond beset wat hy destyds beklee het nie. Die voorstanders van Nederlands/Afrikaans het hulle in 1905 op 'n morele reg beroep wat in wette erken is en wat op grond van die morele aard van hulle saak, die aanslag van Engels, wat met die immorele dade van die Anglo-Boereoorlog en Britse imperialisme verbind is, verswak het. Soos Engels deur sy assosiasie met Britse monargale imperialisme in sy vermoë om onvoorwaardelik vertroue in te boesem gefaal het, het Afrikaans se assosiasie met apartheid en rasse-diskriminasie dieselfde situasie ten opsigte van talle nie-witsprekers geskep.
- Die beperkte demokrasie van 1905 en die mislukking van die strewe om nuwe Engelse immigrante in groot getalle na Suid-Afrika te lok, het verseker dat Afrikaners oor beduidende politieke invloed kon beskik indien hulle eenstemmigheid oor doelwitte en beleidstrategieë kon bereik. In die nuwe omstandighede is Afrikaans een tussen elf ander tale wat op gelykheid mag aanspraak maak, is die blanke Afrikaners 'n kleiner wordende komponent van die Afrikaanse taalgemeenskap en val die klem op die variante in die Afrikaanse taalgemeenskap eerder as op die destydse dringende behoefte aan die opbou van standaard-Afrikaans.
- Die derde groot verskil is die wyse waarop Afrikaans as taal van die onderwys, die kunste, die wetenskappe, die staatsdiens en die ekonomie in 'n dramatiese sterker posisie verkeer as die brose taal wat hom in 1905 nog nie 'n selfstandige bestaan kon voer nie.

Daar is ook 'n aantal belangrike ooreenkomste tussen 1905 en vandag:

- Die onderwys op alle vlakke is steeds die brandpunt van die taalprobleem. Die verskil is dat die opwaartse groeikurwe van na 1905 'n afwaartse kurwe geword het. Waar inrigtings vir hoër onderwys deur Afrikaans na 1918 sterk gegroei het, is Afrikaans vandag aan die agteruitbeweeg. Waar veral universiteite die teelaarde van leiers in die taalstrewe was, word universiteite vandag deur sagter wordende stemme gekenmerk. Waar die leitmotiv toe die maksimalisering van die openbare gebruik van Afrikaans was, is dit vandag die minimalisering van daardie openbare nut en gebruik.

- Hofmeyr se klag oor die gaping tussen teorie en praktyk is vandag net so toepaslik as destyds. Op vele terreine, ook op taalgebied, is daar die mooi klinkendste beleidsformulerings, indrukwekkende statutêre liggame, 'n passievolle beklemtoning van hoër en laer prioriteite wie se botsende aansprake deur onderhandelinge versoen kan word waarin Hofmeyr self probeer het om 'n toonaangewende rol te speel, die slimste woordspelings soos verstek, diversiteit en versoening, maar in die praktyk word die gaping dikwels groter en nie kleiner nie.
- Waar in 1905 die enorme voordele van deel van die magtige Britse koloniale Ryk te wees, as die groot argument teen die bevordering van die gebruik van die Nederlandse taal gegeld het, is daardie plek vandag ingeneem deur globalisering en die vooropstelling van die Afrika kontinent as hoogste prioriteit van Suid-Afrika se natuurlike bindinge en verpligtinge. Hofmeyr se klinkende woorde oor hoe die een die ander nie uitsluit nie, is vandag nog net so geldig.
- As 'n mens Hofmeyr se toespraak lees in die lig van die bevindinge van JC Steyn se monumentale studie oor taalverplasing, dan is dit opvallend dat Hofmeyr, sonder om dit met die kundigheid en in die geslypte taal van Steyn uit te druk, klem lê op twee sake wat deur Steyn spesifiek uitgelig word as die twee belangrikste voorwaardes vir geslaagde taalbewegings wêreldwyd. Die toekoms van Nederlands/Afrikaans in Suid-Afrika, het Hofmeyr verklaar, hang basies van twee dinge af: die magsfaktore wat op 'n bepaalde tydstip geld en die wil van die sprekers van die taal om hulle taal te laat geld. Hierdie wil, se Steyn en Hofmeyr, kom nie van die massa of van die politieke beweging af nie, hoe belangrik hulle ookal vir die uiteindelik sukses is. In enige taal hang dit in die eerste plek veral van die skeppende en leidende rol van die veel kleiner intellektuele laag en die meningsvormers af. Dit is dan die belangrike rede waarom Hofmeyr sy toespraak juis op Stellenbosch voor die studente gehou het: hy wou die intellektuele leiers en die meningskeppers van die toekoms motiveer.
- Steyn bespreek talle magsfaktore en pas dit op 'n wye verskeidenheid gevallestudies in die geskiedenis van taalbewegings toe. Hy kom, soos Hofmeyr, tot die gevolgtrekking dat as selfs die gunstigste magsfaktore vir klein tale aanwesig is en die wil om 'n taal te ontwikkel en te bevorder ontbreek, of daardie groeiproses word in trurat gekeer, magsfaktore nie op sigself voldoende is om kleiner tale teen magtiges te verskans nie. Hofmeyr het 'n oproep gedoen dat die wil en die leierskap om taalgeregtigheid in Suid-Afrika in teorie sowel as praktyk te verseker, aanvaar moes word. Hy het 'n debat en 'n proses aan die gang gesit wat historiese resultate sou oplewer. Sal die geskiedenis van Suid-Afrika eendag iemand van die een-en-twintigste eeu kan uitwys wat met die status en styl van 'n Jan Hendrik Hofmeyr mense kan motiveer om die pad van kruip na kruin te kan loop?

Pieter Kapp
 Dept Geskiedenis
 Universiteit van die Vrystaat

